Sondag **25 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 19:28-37**

**Fokusgedeelte: Johannes 19:30**

***Tetelestai!* Dit is volbring!**

So het die profesieë in vervulling gegaan … Die bewuste wete van lyde ter wille van …

Die wete van Verlosser en Middelaar gaan geen oomblik by Jesus verlore nie. Die werk in opdrag van die Vader is voltooi, naamlik die verlossing van sy gemeente.

Weereens is Johannes die enigste evangelis wat hierdie twee kruiswoorde: "Ek is dors!" en: "Dit is volbring" vir ons neergeskryf het. Hier kom meer as net fisiese lyde ten einde. Met sy sesde kruiswoord (in Grieks slegs een woord – *tetelestai*) bring Jesus 'n ander faset van sy kruisiging na vore wat vir elke gelowige 'n boodskap van groot blydskap dra. Baie, baie meer as die hartsverskeurdheid van sy ontsettende lyde aan die kruis.

Nadat Jesus die suur wyn gedrink het wat die soldate vir Hom aangebied het, het Hy, met sy lippe gelawe, sy kop opgetel en met 'n laaste kraginspanning oor sy mense opgekyk en helder gesê: "Dit is volbring!"

Maar kan dit? Hier op Golgota? ... Ja, juis op Golgota, die plek van onreg, word iets volbring, want hier vind 'n aktiewe sterwe plaas. "Niemand neem dit (my lewe) van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af" (Joh. 10:18). Hy géé sy lewe. Dit was van die begin sy plan om te sterwe en so sy werk af te handel.

Daarom nie 'n laaste kraginspanning van handdoek ingooi, van Ek gee op, nie. Nee hier praat Hy nou met sy Vader in die vaste wete dat alles wat met Hom gebeur het, nie die oorwinning van die haatlike noodlot is nie, maar dat Hy moes sterf. Só sy lewe moes aflê vir sondaars sodat ons van God se toorn gered kan word.

Jesus voltooi die sirkel soos Hy gebid het in Johannes 17:4: "Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring …"

*Sing: Skrifberyming 5-1:1, 6*

*Ds. JE (Blok) Franck (Ladysmith/Harrismith)*